

Gereformeerde Kerk Bellville – 14 Augustus 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 80:3, 4 (p. 406)

- 3 Hoe lank, o God der leërmagte, / verwerp U ons gebed en klagte?
Hoe lank verlaat U ons in nood? / U spysig ons met tranebrood,
en laat ons in ons jammerstaat / die trane drink uit volle maat.
- 4 U maak u volk in donker ure / 'n skyf en mikpunt vir sy bure;
ons vyande bespot ons, HEER! / sien op ons in ontferming neer;
verkwik, verlos ons deur die lig / wat afstraal van u aangesig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 118:7, 8 (p. 577)

- 7 Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.
- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Gebed

Psalm 13:1, 2 (p. 52)

- 1 Hoe lank is ek van hulp ontbloot, / my God, in u gedagte dood?
Hoe lank sal ek in donkerhede / geen antwoord hoor op my gebede,
en ongetroos wees in die nood?
- 2 Hoe lank, o HEER, sal sorg en smart / hul laer opslaan om my hart?
Hoe lank die vyand met behae / my aansien in my angs en plae –
my siel mistroostig en benard?

{Melkbos Psalm 69:1, 2 (p. 342)}

- 1 Help my, o God, want ek vergaan! / Ek het in modder ingegly / waar daar geen staanplek is vir my;
en oor my storm die waters aan. / Ek roep my hees, my oog versmag, / waar ek vergeefs op U bly wag.
- 2 Meer as die som wat ek kan tel, / en meer as my geringe krag, / vermeerder hul in tal en mag
wat my, onskuldig, neer wil vel. / Hul laat my sonder oorsaak boet. / Dit jaag en storm deur my gemoed!

Skriflesing: Psalm 13; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 9

Kernvers: Psalm 13:6

**Maar ek – op u goedertierenheid vertrou ek; my hart sal juig oor u heil.
Ek wil sing tot eer van die HERE, omdat Hy aan my goed gedoen het.
(Psalm 13:6 AFR53)**

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 5, Artikel 9

Die gelowiges kan sekerheid hê van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof. Hulle het hieroor sekerheid volgens die maat van die geloof waarmee hulle seker glo dat hulle ware en lewende lidmate van die kerk is en altyd sal bly en dat hulle vergifnis van sondes en die ewige lewe het.

'n Verduideliking by artikel 9

In artikel 9 begin ons met 'n ander saak as waarmee ons tot dusver in hierdie hoofstuk van ons Dordtse Leerreëls gehandel het. Die hooflyn deur die eerste agt artikels lyk soos volg: Die uitverkore mense het in hierdie lewe nog las van die oorblywende sonde (artikel 1) waaruit hulle daaglikse sonde van swakheid voortspruit. Die Here wend in sy barmhartigheid ook hierdie daaglikse sonde van swakheid aan om die gelowige nog meer in die praktyk van godsaligheid te oefen (artikel 2). Ondanks die gelowige se val in sonde laat vaar die Here nooit die werke van sy hande nie – Hy bewaar die gelowige (artikel 3). Wanneer gelowiges tog in sonde val, is dit nie maar 'n klein sakkie nie (artikel 4), want die gelowige laai groot skuld op homself met sy sonde (artikel 5). Tog neem die Here sy genade nie weg van sy kind nie (artikel 6), sodat sy kind weer langs die weg van bekering die genade kan beleef (artikel 7). Die Here doen dit omdat Hy getrou bly aan Homself (artikel 8).

As ons hierdie eerste agt artikels saamvat, sê ons: In artikel 1 tot 8 bely ons die weerloosheid van die gelowiges en dat God selfs te midde van hierdie aanhoudende struikeling van die gelowige nooit ophou om sy eiendom vas te hou nie. Die klem val op die swakheid van gelowiges, die krag van God en daarom ook die sekerheid en veiligheid van die gelowige in God se hand. Hierdie werklikheid kan nooit as te nimmer verander nie omdat God God is.

Nou kom ons in artikel 9 en fokus op die gelowige se belewenis van die waarheid wat ons in artikel 1 tot 8 bely. Op papier klink die werklikheid van die eerste agt artikels mooi. Maar hoe beleef die gelowige dit van dag tot dag? Die gelowige mag dus weet dat God sy uitverkorenes altyd veilig sal hou, want dit staan so in die Woord van God geskryf. Tog beleef die gelowige nie elke dag dat hy veilig in die hand van die Here is nie. Hy is menslik, daarom gebeur dit dat daar by tye twyfel en vrae by hom opkom oor sy verlossing. In artikel 9 tot 13 fokus ons nou op die gelowige se reaksie op die rykdom van die evangeliese waarheid van die eerste agt artikels.

By twee artikels in hoofstuk 1 (artikel 12 en 16) het ons al oor die sekerheid van die gelowige se redding bely. Maar weens die dwaling wat heers, is dit weer nodig om oor die sekerheid van die gelowige se volharding te bely. Die dwaling wat heers klink soos volg: ***'n Mens kan nie in hierdie lewe seker wees van jou volharding in die geloof nie behalwe as jy 'n besondere openbaring van die Here ontvang*** (Dordtse Leerreëls, Verwerping van die dwaling 5:5).

Met hierdie dwaling word die vaste troos wat die ware gelowige in hierdie lewe het weg-geneem en terselfdertyd word die onsekerheid wat in die Roomse Kerk geleer word met besondere openbarings en goeie werke weer ingevoer.

In artikel 9 begin ons om te sê dat die gelowige seker kan wees van die bewaring van die uitverkorenes en seker kan wees van sy volharding in die geloof. Die gelowige is seker volgens die maat van die geloof waarmee hy die beloftes van die evangelie aangryp.

Tema: Hoe die gelowige seker kan wees dat hy sal volhard

Geliefde gemeente van Jesus Christus, dit is besonder troosryk om te weet dat die Here sy eiendom getrou sal bewaar en nooit een van sy uitverkorenes sal verloor nie. Die beloftes van hierdie bewaring deur die Here word male sonder tal in die Woord vir ons gegee. Dink maar aan Jesus se woorde in Johannes 10:

My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. (Johannes 10:27-28 AFR53)

Daar is ook die loflied van Paulus in Romeine 8 wat hy so afsluit:

Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie. (Romeine 8:38-39 AFR53)

Ook in sy heel laaste brief sê Paulus met soveel oortuiging:

Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het ... En die Here sal my verlos van elke bose werk en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan. (2 Timoteus 4:7-8, 18 AFR53).

Dit is oor hierdie vaste en onwankelbare beloftes van die Here dat ons kan bely: **Die gelowiges kan sekerheid hê van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof.** Maar hoe beleef gelowiges daagliks hierdie sekerheid oor hulle volharding? Daar is verseker gelowiges wat soos Paulus geen twyfel het oor die Here se bewaring nie. Daarom is hulle ook soos Paulus beslis oortuig dat die Heilige Gees hulle in die ewige koninkryk van God sal inlei.

Maar alle gelowiges is nie elke dag so oortuig soos Paulus was nie. Die een dag is 'n mens doodseker dat Jesus Christus se kosbare bloed jou ook as eiendom van God gekoop het. Maar die volgende dag gebeur daar iets en jou omstandighede verander sodanig dat jy begin wonder of jy werklik verlos is. En 'n mens begin dink dat jy jouself miskien verbeel het dat jy regtig verlos is, want jy sukkel dan om te volhard in die geloof.

Broers, susters en kinders, dit is nie net troosryk om te hoor van die beloftes van die Here se bewaring in die Bybel nie. Dit is net so troosryk om te weet dat ons Hoëpriester – Jesus Christus – regtig medelye met gelowiges se swakhede het. In sy goedheid en genade het Hy nie net vir ons opgeteken van die volle sekerheid wat Paulus beleef het nie, maar ook van die skommelende sekerheid wat 'n kind van God kan beleef. Daarom het die Heilige Gees ook Psalm 13 vir ons neergeskryf uit Dawid se eie lewe.

Ons tref vir Dawid aan wat uitroep tot die Here: Hoe lank nog?! Dit is dieselfde Dawid van wie die Here gesê het dat hy die man na God se hart is. Ons weet dat 'n swakheid in

sonde kan veroorsaak dat jy die besef van God se genade verloor en daarom onseker kan wees of jy regtig die ewige lewe ontvang het. Maar daar is ook ander omstandighede wat kan veroorsaak dat jy onseker voel. Uit Psalm 13 kan ons nie aflei dat Dawid gesondig het en daarom voel asof God hom vergeet het nie. Maar daar is vyande wat hom wil bykom. En hy bly bid tot die Here. Hy bid al vir lank, maar dit lyk so asof God hom nie hoor nie. Het dit met jou al gebeur? Jy bid en smeeek met 'n stukkende hart en dit lyk asof daar niks gebeur nie. Kom ons luister wat die Heilige Gees ons leer om te doen wanneer dit gebeur en ons volg Hom dwarsdeur die psalm.

Die dreigende houding wat die vyand oor Dawid ingeneem het veroorsaak groot skommelings in Dawid se gemoed. In vers 2 en 3 verwoord Dawid die probleem waarin hy verkeer. Die Here het hom vergeet, so voel dit. Dit lyk asof die Here sy aangesig vir Dawid verberg. Daarom roep Dawid: **Hoe lank, HERE, sal U my altyddeur vergeet?** Wanneer daardie beproewende tye oor 'n mens kom, voel dit mos soos 'n ewigheid. En al wat jy kan doen is om te wag. En wat wag so moeilik maak is omdat jy niks anders kan doen as om te wag nie.

Indien hierdie psalm vertel van die dae toe Dawid vir Saul moes vlug, het Dawid baie tyd gehad. Hy en sy manskappe het in grotte weggekruip. En al wat hulle kon doen was om te wag. Oral was daar mense wat graag vir Saul sou vertel het waar Dawid hom bevind. En hierdie gewag is uitgereek – ure word dae, dae word weke, weke word maande – en jy wag dat die Here die omstandighede verander.

Ons dagboek werk op minute, ure en dae. God se dagboek werk in jare en eeue. Kyk maar na Josef se geskiedenis. Die Here se plan was om Josef as onderkoning in Egipte aan te stel, maar kyk net die lang en hartseerpad wat dit geneem het totdat hy uiteindelik daar gekom het. Ook Paulus het so 'n bitter lang tyd moes wag. Hy wou graag die evangelie van Christus aan die wêreld verkondig. Hy wou Rome toe gaan en vandaar af nog na Spanje toe. Die Here wou hom ook in Rome hê, maar gaan lees 'n bietjie die laaste hoofstukke van Handeling. Dit het bitter lank gevat op Paulus se dagboek.

En hier is Dawid nou. Hy is deur Samuel as koning oor Israel gesalf toe hy nog maar laat in sy tienerjare was. Maar nou maak Saul op hom jag en vir jare moes Dawid vlug en wegkruip. En die werk wat hy as koning van God se volk moet doen, kan hy nog nie doen nie. En nou lyk dit boonop of die Here van hom vergeet het.

Wat hierdie tyd van wag baie erg maak, geliefdes, is dat 'n mens se gemoed dan vreeslik rondgeskommel word. Bekommernis pak jou beet al maak jy watter planne ook al. En as jy nog sien hoe die vyand oor jou die oorhand kry, raak die bekommernis net groter. Jy raak naderhand desperaat, want niks wat jy doen bring verandering nie. Dan kom die beklemming om jou hart; dit is seker nou maar verby, die Here dink nie meer aan my nie. Die Here het my vergeet.

In tye soos dié moet ons onthou die Here vergeet nooit sy kinders nie. Hoe desperaat jy nou ook al mag wees, God het jou nie vergeet nie. Omdat Jesus Christus met sy kosbare bloed jou ook vir God losgekoop het, sal die Here jou nooit verlaat of in die steek laat nie.

Ja, sal jy sê, ek weet die Here sê so, maar Hy het dan oënskynlik vir Josef en Paulus en Dawid vergeet. Vir baie jare het hulle bitter slegte omstandighede beleef. As God hulle dan nie vergeet het nie, wat het dan in daardie lang tyd gebeur? Die Heilige Gees was heelyd besig om hulle te vorm en te leer om nog meer op die Here te vertrou. 'n Geelhoutboom groei nie in 'n jaar se tyd tot 'n sterk stewige boom nie. Die Here vorm nie normaalweg sy kind oordag tot 'n geloofsvolwassene nie.

Kom ons let nou op wat 'n mens in hierdie tye van wag op die Here doen. Moenie doen wat baie gelowiges doen nie. Omdat die Here na hulle sin te lank vat, begin hulle ook die Here te vergeet, want dit lyk dan of die Here hulle vergeet het. Dawid het nie die Here vergeet nie. Alhoewel die Here vir hom ver gevoel het, het hy aangehou om te vra dat die Here hom sal antwoord. Hy het nie by mense oor God gekla nie, maar hy het by God oor mense gekla.

Dawid het nie maar net gebid dat die Here hom uit sy benarde omstandighede moet verlos sodat sy lewe weer kalm en gemaklik kan wees nie. Kyk in vers 5: Dawid was daarvoor besorg dat die vyand gaan lekkerkry as hy ten gronde gaan. Die Here het vir Dawid tot koning gesalf. As Dawid nou sterf sonder om een dag oor die volk van die Here te regeer soos die Here gesê het, gaan die Here sleg lyk. Die vyand sal spot en sê die Here kan nie eers doen wat Hy gesê het Hy wil nie.

Wanneer die Heilige Gees jou oortuig het dat Christus jou werklik verlos het, kan jy maar weet dat jou behoud as gelowige verband hou met God se eie eer. Ter wille van Homself verlos Hy mense uit die greep van Satan. Ter wille van sy eie eer sal Hy nie toelaat dat enigiets of iemand sy kind uit sy hand loswoel nie. Jou behoud as kind van God is God se eie eer. Bid dan dat die Here sy eie Naam sal verheerlik deur jou weer te versterk.

Toe die gevoel in Dawid gegroei het dat die Here hom vergeet het, het hy nie net een keer tot die Here geroep nie. Die Here het nie na die eerste roepkreet iets gedoen wat Dawid gerusgestel het nie. Met groot ywer het Dawid aangehou en aangehou bid. Ons weet immers uit Jesus se eie woorde dat die Here nie moeg raak vir die gesmeek van sy kinders nie. Die Here beproef ook sy kinders se geloof. Dit is nie 'n geloofstoets as die gelowige die Here se teenwoordigheid beleef en sy werk in sy lewe kan opmerk nie. Dit is 'n geloofstoets as dit vir die gelowige voel of God op 'n afstand staan. Soek Hom dan met groot ywer. Die Here belowe dat Hy Hom laat vind deur die een wat begeer om weer sy teenwoordigheid te geniet.

Nou kan 'n mens sê: Ja, maar ek smee al so lank. Hoe lank moet ek nog roep? Hoe lank gaan die Here nog aan my vorm? Kyk weer wat sê Dawid in vers 4. Hy vra dat die Here sy oë verlig. Verligte en blink oë word geassosieer met lewe en dowwe oë met die dood. Dit het vir Dawid gevoel asof hy glad nie meer kan nie. Hy het die end van sy kragte bereik.

Selfs Paulus wat met soveel oortuiging van sy sekerheid getuig het, het ook in 'n stadium in sy lewe heeltemal gedaan gevoel in sy kragte. Hy skryf aan die Korintiërs:

Want ons wil nie hê, broeders, dat julle onbekend moet wees met ons verdrukking wat oor ons in Asië gekom het nie, dat ons dit bo ons krag uitermate swaar gehad het, sodat ons selfs aan ons lewe gewanhoop het. Ja, ons het al self by onself die doodvonniss oor ons gehad, sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God wat die dode opwek. (2 Korintiërs 1:8-9 AFR53)

In sy besig wees met sy gelowiges bring God hulle in hulle worsteling aan die end van al hulle kragte sodat hulle des te meer hulle vertrou in die Here kan stel. Die worsteling raak so erg vir die gelowige dat hy self weet net die Here alleen sal hom in die geloof staande kan hou, want hy kan self nie meer nie.

Waarheen lei hierdie proses waarlangs die Here sy kind lei? Ons sien dat Dawid se gemis aan die teenwoordigheid van die Here gelei het tot sy gebede. En sy gebede lei uiteindelik tot die lofprysing.

Dawid was nog nie verlos nie, maar hy het sy vertrou op God se goedertierenheid gestel. Goedertierenheid is die onfeilbare liefde van God. Dawid vertrou op die goedertierenheid van God en 'n kalmte en sekerheid het oor hom gekom. Sy hart is gevul met vreugde oor die verlossing wat die Here gaan bring. Dawid is so seker van die Here se genade dat hy sê:

Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.
(Psalm 13:6b AFR53)

Let mooi op, Dawid se omstandighede het nog geensins verander nie. Sy omstandighede is presies soos dit was toe hy aan die begin van die psalm benoud en deurmekaar gevoel het. Dawid kruip steeds weg vir Saul wat op hom jag maak.

Maar wat het dan verander dat Dawid die Here nou al kan prys? Dawid se fokus het verskuif. Aan die begin van die psalm was sy fokus op homself en sy probleme. Aan die einde van die psalm is sy gedagtes gerig op God se onfeilbare liefde en verlossing. Daarom kon Dawid se gemoed beweeg van bedruktheid na lofprijsing en vreugde.

Dit het nie sommer maar net so gebeur nie. Aan die begin van vers 6 hoor ons dat Dawid doelbewus op die Here se goedertierenheid vertrou. Hy het die besluit geneem. Hy het besluit om sy omstandighede te verklaar in die lig van God se liefde en nie om God se liefde te verklaar in die lig van sy omstandighede nie.

Geliefdes, ons gevoelens en omstandighede is voortdurend aan die verander. Hierdie veranderings maak dat dit vir ons soms voel of God sy kinders vergeet het. Maar dit kan nie gebeur nie, sê die Here self. Mag die Heilige Gees elkeen wat tans worstel met onsekerheid oor sy verlossing en ewige lewe met geloof en gebed vasgryp aan die Here se beloftes – bo alles aan sy onfeilbare liefde wat Hy in Christus op Golgota ten toon gestel het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 13:4, 5 (p. 52)

- 4 Laat hulle wat in oormoed my / vervolg en met hul swaard bestry –
laat hul nie roem op meerd're kragte, / of smalend sê in hul gedagte:
"Ons het oorwin, daar struikel hy!"
- 5 O HEER, ek sal U nooit laat gaan. / My hoop bly op u goedheid staan.
My hart sal oor u redding bly wees, / my lofgesang U toegewy wees,
want U het aan my welgedaan.

{Melkbos: Psalm 71:12, 13 (p. 356)}

- 12 Ek roem, o God, u alvermoë, / 'k roem u geregtigheid, / wat uitstraal ver en wyd
en heerlik skitter uit die hoë. / Wie is soos U, o HERE, / so groot in mag en ere.
- 13 U het my baie teëspoede / laat sien; maar U sal my / weer van die dood bevry,
my ophaal uit die watervloede. / My grootheid – maak dit meer, / En troos U my, o HEER!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 Augustus 2016**